

BEREIK IRANESE TEN SPYTE VAN ...

Na die wydverspreide protesaksie in Iran is SAT-7 se kommunikasie met kykers van die Persies-sprekende kanaal, SAT-7 PARS, beperk weens die regering se blokkering van sosiale media platforms.

Die protesaksie in Iran, einde Desember 2017, is in reaksie op die hoë inflasie en uit frustrasie met die lae lewensstandaard. Gevolglik het die Iranese regering alle sosiale media platforms soos *Telegram* en *Instagram* geblokkeer in 'n poging om kommunikasie tussen die protesteerders te verhinder. Dit het ook 'n impak op ons SAT-7 PARS Beradingspan se kontak met kykers in Iran.

Telegram is die gewildste teksboodskap app in Iran met meer as die helfte van die bevolking wat aktief is op die platform. Bykans 50 present van alle kontak van kykers uit Iran met SAT-7 was deur middel van *Telegram*. Dit sluit die baie boodskappe van kinders en jongmense in wat graag kontak maak met die aanbieders van die kinder- en jeugprogramme. Bykomend vind geïsoleerde gelowiges ondersteuning en bemoediging uit die ondersteunende aanlyn gemeenskap wat ontstaan het op die SAT-7 PARS *Telegram* groepe.

Iran se huidige blok op *Telegram* verhinder hierdie bron van ondersteuning asook ons kontak met kykers. Met *Facebook*, *YouTube* en *Twitter* reeds sedert 2009 in Iran geblok, is dit toenemend 'n uitdaging om met ons Iranese kykers kontak te maak.

Dit is nie duidelik of en wanneer die Iranese regering die verbod op *Telegram* gaan lig nie. Intussen pas ons berading-span aan by die situasie en poog nuwe kommunikasie-metodes, wat toeganklik vir diene in Iran is, te vind. SAT-7 PARS saai steeds 24/7 op satelliet uit en bereik miljoene huishoudings in Iran.

- **Dank God dat ons deur middel van satelliet televisie die geleentheid het om God se liefde te deel en ons gebed is dat hierdie programme hoop sal bring.**
- **Bid asb dat SAT-7 in staat sal wees om voort te gaan om die gelowiges in Iran te bemoedig en ondersteun, deur beide ons televisie programme asook direkte kontak. Bid saam met ons vir vrede in Iran.**



Februarie 2018

Kerkdiens in Algerië

MAAK
HOOP
SIGBAAR

SUID-AFRIKA KANTOOR:
Posbus 72646
Lynnwoodrif, PRETORIA 0040
southafrica@sat7.org
+27(12)807 2763
+27(83)628 6488/+27(84)506 3399
Kontak asb kantoor vir bankbesonderhede



Kopiereg © 2018 SAT-7
www.sat7sa.org
www.sat7.org
www.sat7uk.org

POLISIE SLUIT KERK IN ALGERIË

SAT-7 vriende en aanbieders in Algerië het gevra vir gebed nadat hul kerk deur die plaaslike owerheid gesluit is. Die kerk in Aïn Turk, naby Oran in die noord-weste, is einde 2017 deur die polisie gesluit wat verklaar dat die kerk onwettig is.

Salah, SAT-7 se kontak, verduidelik dat hierdie gebeure 'n ernstige terugslag vir plaaslike Christene is. "Asseblief, kan SAT-7 ondersteuners bid vir hierdie situasie en vir wysheid vir die Algeriese kerkleiers. Die kerk word nie slegs vir eredienste gebruik nie, maar is ook die sentrum waar ons 'n Bybelskool en baie seminare aanbied. Eenkeer 'n maand hou ons ook hier 'n gesamentlike diens vir al die kerke in die omgewing. Nou is hierdie aktiwiteite nie moontlik nie."

Die kerk is geaffilieer met die Protestantse Kerk van Algerië (EPA), wat sedert 2011 geregistreer is by die Algeriese regering. Die kerk het die verlangde dokumente aan die owerheid verskaf, maar die toekoms bly onseker.

Ten spyte van die beperkings wat Christene ervaar, beleef die eerste-generasie Kerk in Algerië ongekende groei. Die land is steeds in 'n wurggreep van ellende na die vernietigende burgeroorlog van 10 jaar. Algeriërs van alle agtergronde soek na antwoorde – en baie vind genesing in die Evangelie.

Duisende nuwe gelowiges word jaarliks gedoop, veral onder die Berber gemeenskap in die bergagtige Kabyle gebied. Christene het oor die algemeen meer vryheid in hierdie streek in vergelyking met die Arabiese gebiede soos Aïn Turk. "Dit is nie maklik vir 'n kerk om in hierdie Arabiese streek te bestaan nie; mense aanvaar ons nie," verduidelik Salah.

SAT-7 ARABIES saai verskeie programme, wat in Algerië gemaak word, uit. Die programme, wat gelowiges help om geestelik te groei, sluit *Bybel Onderrig uit Algerië* en *Vrygemaak*, ('n getuienis program) in. 'n Weeklikse prediking- en aanbiddings program, *My Kerk* word ook uitgesaai. Salah getuig: "SAT-7 is 'n seën vir ons kerk en vir al die Algeriese Christene. Baie het nie 'n kerk nie of woon baie ver van 'n kerk, dus is SAT-7 hul kerk." **BID ASB: p2**



ONTMOET ONS KYKERS

Bid asb vir die volgende kykers terwyl
jy hul boodskappe lees:

Kyker in Swaziland - “Dankie vir julle programme. Dit is soos ’n oop venster vir elkeen om die lewende boodskap van God te hoor.”

Kyker in Egipte - “Julle is ’n baie gerespekteerde kanaal vir my kinders. Bid dat hulle sal opgroeï om soos die *Bybel Helde* in jul program te wees.”

Kyker in Saoedi-Arabië - “Ek het van Jesus op die internet gelees en wil ’n dogter van Jesus wees, maar ek dink nie Hy hoor my gebede nie: daar is geen kerke hier nie.” (Bid vir haar verhouding met Christus.)

Kyker in Iran* - “Sekuriteits agente het in twee huiskerke ingebars, vier nuwe Christene gearresteer en beslag gelê op al hul besittings. Bid asb vir hierdie vier persone.”

Kyker van ’n verlate dorpie in Iran* - “Ek hou daarvan om julle gereeld te kontak. Soms bel ek in op die regstreekse uitsendings; ek hou van die manier wat jul aanbieders met die kykers wat inbel, praat. Dit wys dat hulle omgee en dat dit nie vir hul belangrik is waar iemand vandaan kom, of watter kwalifikasies ’n persoon het nie; hulle hoor graag van alle mense. Ek kyk na al jul programme. Die verandering in my lewe is te danke aan SAT-7 se programme; ek het geen ander (Christelike) bronne nie, want ek het nie Christen vriende of ’n Bybel nie.”

(* Boodskappe uit Iran is gestuur voordat die regering die sosiale media geblokkeer het)

BID ASB VIR DIE KERK IN ALGERIË

- Bid asb vir die situasie in Aïn Turk en vir wysheid vir die Algeriese kerkleiers. Bid vir die heropen van die kerk.
- Dank God vir die groei van die Berber kerk en vir die etlike duisend nuwe gelowiges wat elke jaar gedoop word.
- Bid vir die SAT-7 reeks, *Vrygemaak*, wat kragtige persoonlike getuïenisse van vrouens in Algerië deel.
- Bid dat die regstreekse uitsendings van getuïenisse voortdurend ’n inspirasie en bemoediging vir ander sal wees.
- Bid vir die program, *Bybel Onderrig uit Algerië* wat kykers help om te verstaan hoe hul deur gebed en aanbidding elke dag met God kan praat.
- Bid vir die voortdurende geestelike honger van hierdie jong Kerk in Algerië.
- Bid dat SAT-7 God se liefde effektief sal deel met soekendes en die gelowiges dissipel met die waarheid van God se Woord.
- Bid vir Algeriese Berber kykers wat SAT-7 kontak om te vertel:

“Elke Dinsdagaand bel ek my vriende in die dorp (sommige is nie gelowiges nie) en nooi hulle om saam met my familie na die getuïenisse in die *My Kerk* program, van broers en susters wat die Here leer ken het, te kyk. God het hul lewens verander! Ons volg selfs die heruitsending Vrydae. Ons het hierdie soort programme nodig!”



ONTMOET ONS KYKERS

Bid asb vir die volgende kykers terwyl
jy hul boodskappe lees:

Kyker in Afghanistan - “Nadat my ouers vermoor is, het ek baie geworstel. Maar nou kyk ek al julle aanbiddings programme en ander aanbiedings (SAT-7 PARS). Bid dat ek ’n Bybel kan kry om meer te leer.”

Kyker in Turkye - “Ek het gevoel ek is waardeloos as gevolg van die wyse waarop my familie my behandel het. Maar nou weet ek dat God my lief het en my hoog ag. Dank Hom saam met my.”

Kyker in Algerië - “Deur julle kanaal het ek van Jesus en sy soenoffer gehoor. Bid vir my dat ek Sy pad van vrede kan verstaan en ’n Bybel in die hande kan kry.”

Kyker in Iran* - “Ek het ’n bestaan gemaak deur my liggaam te verkoop. Maar Jesus het my bevry en nou is ek vergewe. Ek sou graag met iemand oor geloof wou praat, maar hier is geen gelowiges nie. Bid dat ek iemand ontmoet wat Jesus Christus ken.”

Van ’n jong SAT-7 KIDS kyker - “Dankie almal vir die beste, mooiste en belangrikste uur wat ek met die *My Skool* program op SAT-7 spandeer het. Ek wil voorstel dat julle ’n Engelse kursus vir ouers ook aanbied. Baie dankie!”

(* Boodskappe uit Iran is gestuur voordat die regering die sosiale media geblokkeer het)